

**Saterdag 7 Mei**

**Skrifgedeelte: Romeine 8:31-39; HK Sondag 11, Vraag 30**

**Fokusgedeelte: Romeine 8:32**

### **Jesus skenk saligheid en welsyn**

Hier word veral op die woord *heil* in die uitdrukking *saligheid en heil* in Vraag 30 gefokus. In die vorige vertaling van die Kategismus is die betrokke woord nie met *heil* vertaal nie, maar met *welsyn*. Om verskeie redes waarop nie nou ingegaan word nie, sou dit beter gewees het as die vertaling van die uitdrukking met *saligheid en welsyn* behoue gebly het. *Saligheid* verwys dan na die *ewige lewe* (wat vir die gelowiges reeds hier op aarde begin – Joh. 3:36) en *welsyn* na die *aardse lewe* (waarin by die gelowige iets van die ewige saligheid nou reeds geopenbaar word – Sag. 14:20).

Die onderskeid tussen saligheid en aardse welsyn is belangrik om te toon dat die ware gelowige nie net die ewige saligheid van Christus verwag nie, maar ook alles wat ons vir ons aardse lewe nodig het. Dit kom ook duidelik na vore as Paulus in Romeine 8:32 sê dat God sy Seun gegee het om ons vir die ewige saligheid te red, en dan in aansluiting daarby sê dat God “saam met Hom” alles wat ons vir ons aardse lewe nodig het, uit genade aan ons sal gee. Ons is dus nie net vir ons ewige lewe nie, maar ook vir ons aardse lewe ten volle van die Here Jesus afhanklik. Die implikasie hiervan is dat ons die Here met ons hele aardse lewe moet dien met die oog op die ewige lewe.

Dit is belangrik om dit te beklemtoon, want daar heers by sommige mense die siening dat Jesus net gedien moet word op Sondag, of net as daar oor godsdiens gehandel word, of net as die redding van die siel ter sprake is. Op die breë terrein van die lewe het Jesus, volgens hulle, niks te sê nie. Dit is die terrein van die wetenskaplikes, politici, ekonome en amptenare.

Wie egter sy afhanklikheid van Jesus slegs beperk tot die siel van die mens en daarteenoor die aksies van die denkende verstand, die versorging van ons liggaamlike behoeftes en die hantering van die belange van gesin en maatskappy van die mens se eie krag en vermoë afhanklik stel, verloën Jesus met die daad. Nie net ons saligheid nie, maar ook ons aardse welsyn ontvang ons uit die hand van Jesus Christus. Elke stukkie brood wat ons eet en elke druppel water wat ons drink, gee die Vader om Jesus se ontwil aan ons. Ter wille van sy kruislyde het God ons Vader geword. Daarom kan ons alleen in die Naam van Jesus na die Vader gaan en Hom vra om ons alles te gee wat ons vir die aardse en ewige lewe nodig het.